# Sondag, 12 Junie 2022

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-27

**Tema:** Leer die waarheid.

## Skriflesing

**1 John 2:18-27 (Die Bybel 1983)**

**Die antichriste**

18 Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar 'n antichris kom; en daar is nou reeds
baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is. 19 Hulle het wel uit ons geledere
voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van
ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een
van ons is nie.
20 Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid. 21 Ek skrywe nie vir
julle omdat julle nie die waarheid sou ken nie, maar juis omdat julle dit ken en weet dat daar geen
leuen uit die waarheid voortkom nie.
22 Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hý is
die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. 23 Wie nie die Seun erken nie,
verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader. 24 Wat julle betref, wat julle van
die begin af gehoor het, moet in julle bly. As wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal
julle ook in die Seun en in die Vader bly. 25 En dít is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe.
26 Dit het ek aan julle geskrywe oor die mense wat vir julle wil mislei. 27 Wat júlle egter betref, die
Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer
nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy
julle geleer het, moet julle in die Seun bly.

***"...bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou." – Lukas 11:28***

## PREEK

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Ons praat nou al die afgelope paar Sondae oor die Heilige Gees. Na hemelvaart, in die kerklike jaar, gee ons aandag aan die uitstorting van die Heilige Gees. En die Gees is God met ons. Die Bybel leer ons dat die Gees gee vir ons die waarheid.

As ek vir jou sê dat jy moet die waarheid leer, wat verstaan jy?
My eerste vraag sou wees – Wat is die waarheid?
In ons geloof-raamwerk moet die waarheid sekerlik wees – alles wat vir ons aandui wat die sin van die lewe is. Die sin van die mens se bestaan, maar ook, meer spesifiek, die sin van elke individu se lewe.
Die antwoord op vrae soos –
Wie is ek?
Wat maak ek hier?
Hoe moet ek lewe?
Waarheen is ek op pad met my lewe?
Wat is belangrik en wat is gevaarlik vir my lewe? – gee vir ons die waarheid vir ons lewens. En vir ons is die waarheid ons geloof in Jesus Christus, God die Vader en die Heilige Gees.

Wat maak hierdie waarheid so belangrik vir jou en vir my? Wel, wanneer ons weet wat is die waarheid dan gebeur daar baie dinge met jou in jou lewe wat jou toestand sal bepaal.

Kom ek gebruik die volgende voorbeeld –
‘n Persoon moet deur ‘n woestyn stap om by ‘n oase uit te kom. Hy/sy kan nie te lank stilstaan nie en moet maar aan die beweeg bly om by die verkose plek uit te kom. Langs die pad is daar baie elemente wat hom/haar kan help om hierdie droë warm woestyn te deurkom en oorleef op pad na die oase toe. Aleen wanneer hy/sy bewus is en kennis dra van hoe hierdie middele, langs die pad (waterbottels, skuiling, die regte klere ens.), hulle kan help om die woestyn te deur kom, dan sal hulle kan oorleef; nie net oorleef nie, maar die oase bereik.
Kom ons sê die persoon het geen kennis van wat ‘n woestyn nou eintlik is nie en weet nie regtig hoe om te oorleef in die woestyn nie, wat dink ons sal met so ‘n persoon gebeur?
Die son sal hom/haar verskroei en die persoon sal dood gaan van die dors en verkluim in die aande van die koue. Dis veilig om te sê dat so ‘n persoon gaan baie sukkel en swaarkry en waarskynlik doodgaan.
Verder, moet die persoon ook leer dat daar wel ‘n oase is anderkant die woestyn, anders sal hy/sy net ronddwaal in die woestyn. Dan sal dit ook help dat die persoon weet in water rigting hy/sy moet loop om by die oase uit te kom.

Nou, as jy weet wat is ‘n woestyn en ‘n oase, en jy weet wat sal gebeur met jou in die dag en in die nag, en jy weet hoe om sekere elemente te gebruik om die warm, droë dag te oorleef en die koue donker aande te oorleef en jy weet in watse rigting jy moet gaan, dan kan jy verseker by die oase uitkom.
Hoe meer jy weet, hoe makliker sal jou reis vir jou wees. Al die inligting wat jy bymekaar kan maak oor hoe om te oorleef is gelyk aan die waarheid. Die waarheid is dus wat jy nodig het om, nie net te oorleef nie, maar om aan die anderkant uit te kom waar alles beter sal wees. Onthou nou hierdie analogie, hierdie vergelyking.

**Uitbou**

Johannes, die skrywer van ons gelese gedeelte, ‘n dissipel van Jesus, wat nou al baie oud is, praat met die eerste generasie gelowiges, maar hy praat ook met ons. En wat hy sê is dat ons moet die waarheid leer sodat dit ons sal help in hierdie lewe.

Johannes kom agter dat daar baie valse onderwyser is wat die gelowiges laat twyfel. Daar is baie opinies wat maak dat die gelowiges twyfel en onseker is. Johannes moedig hierdie gelowiges aan om die waarheid te leer. En daardie waarheid is die evangelie van Jesus Christus. Daar leer hulle wat die sin van hulle lewens is en daar leer ons wat die sin van ons lewens is.

Broers en susters, ons kom in hierdie wêreld in en ons begin die lewenspad loop. In baie opsigte is dit ‘n woestyn. En ons kan nie gaan stil sit nie, ons moet beweeg. Die rede waarom ons moet beweeg is dat die tyd stap aan. Ons word ouer. Eers sterker, dan weer swakker, maar weens tyd bly ons lopend in die woestyn.

En hier is waar die Heilige Gees in kom in jou lewe. Die Heilige Gees help ons deur die woestyn, al die pad tot by die oase.

Johannes sê vir die gelowiges ‘n hele klomp dinge. Hy sê daar is ‘n antichris. Dis die mense wat nie glo dat Jesus die Christus, die Seun van God is nie. Dis baie soos die slang in die tuin van Eden, né. Die antichris is eintlik alles wat dit kan reg kry om jou aandag van die waarheid weg te hou. Ander gesê, die antichris hou jou dom sodat jy kan omkom in die woestyn.

Johannes sê vir die gelowiges hierdie antichriste het gemaak of hulle deel van die gemeente was, maar hulle was nie eintlik nie. Wat is die goed wat jou aandag aftrek van die waarheid? Wat keer dat jy van die waarheid leer?
Dit kan so baie dinge wees.
Selfsug.
Jaloesie.
Gierigheid.
Suinigheid.
Mislikheid.
Aggressie.
‘n Mens hoef net na van die karakters en volke in die Bybel te kyk en jy sal sien wat is die dinge wat mense blind en dom maak sodat hulle nie die waarheid raak te sien nie. Ons kan dink aan Kain, Judas, Goliat, Herodes, die Farao, Bileam, Filistyne en Egiptenare ens. en selfs van die goeie ouens het ‘n ruk verdwaal in die woestyn; Dawid, Jakob, Petrus ens. Die antichriste het kamp opgeslaan in die woestyn en besteel die reisigers en maak van hulle sommer deel van hulle kamp-geselskap sodat hulle ook stagneer en antichriste word.

En dan sê Johannes vir die gelowiges -
20 *Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid.*
**Gesalf deur die Heilige Gees**
Wat sê hy nou eintlik hier?
Eerstens, om gesalf te wees dra baie gewig. Om gesalf te wees beteken dat ons is kosbaar. Net iemand wat kosbaar is kan die voorreg ontvang om gesalf te wees. En merk ook op dat dit God is wat jou salf. God sien elke gelowige as kosbaar en wat se eer is dit nie dat Johannes aandui dat gelowiges deur God gesalf is.
Tweedens word ons deur die Heilige Gees gesalf! Broers en susters, die Heilige Gees is alles wat jy nodig het om deur die woestyn te kom tot by die oase. Dis die water, die skuiling, die vermoëns, die uithouvermoë, die krag, die troos, die aanmoediging en so kan ons aangaan. Die Heilige Gees is ook die padkaart en die kompas sodat gelowiges by die oase kan uitkom.

God gee vir ons die Heilige Gees om vir ons alles te leer van die waarheid. Hierdie Johannes wat hier skryf in 1 Johannes het in sy evangelie, wat hy geskryf het gesê in Johannes 14:26

*en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur(sê Jesus), sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*

Wat is hierdie alles wat die Heilige Gees ons kom leer?
Die hoof doel van die Heilige Gees in jou lewe is om jou te help verstaan en leer wat die waarheid is oor wie Jesus is en hoe jy in hierdie wêreld(woestyn) moet aanstap, oorleef, groei, bekwaam raak, help, ondersteun, aanmoedig en aanhelp sodat ons almal die hemel, die paradys, die oase kan bereik.
Die Heilige Gees se stem word gehoor in die Bybel, in die prediking, in 'n versie, in geliefdes se omgee en aanmoediging, by vriende en soms ook by vreemdelinge.
Die 'alles' wat die Gees ons leer het te doen met:
God en Christus en die mense se honger na geestelikheid;
Dit het te doen met die mens en sy wêreld, sy sin, sy betekenis;
Dit het te doen met Christenskap en die waarheid van Christen-wees en alles wat ons moet leer en ontdek sodat ons nie net kan oorleef in die woestyn nie, maar ook ander langs die pad kan help en bystaan op pad na die oase toe. Met die hulp van die Gees word die pad in die woestyn makliker en soms selfs interessant en lekker, maar dit bly 'n pad na 'n bestemming toe en nie die bestemming self nie.

Johannes sê dan verder vir die gelowiges, vir ons –
*24 Wat julle betref, wat julle van die begin af gehoor het, moet in julle bly. As wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in die Seun en in die Vader bly. 25 En dít is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe.*

**Bly geanker in die boodskap**

Wat het die gelowiges van die begin af gehoor? Die evangelie van Jesus. Alles wat Jesus ons kom leer het van God, van hoe ons moet lewe, vir wat ons versigtig moet wees en vanwaar ons ons krag vandaan moet kry, dit alles word duideliker en helderder vir ons gemaak deur God met ons, deur die Heilige Gees wat in en met ons is.

Die pad deur die woestyn van die lewe word duideliker en meer oorkombaar wanneer gelowiges sterk staan in die waarheid en die waarheid net meer en meer leer en ken.

Dan sê Johannes vir die gelowiges, vir ons –

[27] *Wat júlle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid...*

**Die Heilige Gees is jou onderwyser**

Broers en susters, 'n onderwyser leer die kinders van 'n onderwerp, 'n vak, en die kinders maak gebruik van 'n handboek en gesprekke met klasmaats,  sodat hulle die onderwyser kan volg en kan by bly en dan kan goed doen in die toets.

Die Heilige Gees is ons onderwyser. Jou handboek is die Bybel, preke, Bybelstudie, verse, ander gelowiges en die toets is die lewe, of anders gesê, die woestyn.

Johannes sê vir die gelowiges daar is mense, dinge en omstandighede('n antichris) wat jou aandag wil weg hou van die leerstof, sodat jy die toets as moeilik beleef en wil opgee en nie eers wil skryf nie. En wanneer ons agterkom dat daar mense, dinge en omstandighede ('n antichris) is wat ons aandag wil weghou van die Onderwyser, die Handboek, dan kan ons dit alles vermy, misloop. En wanneer ons bewus is van die gevare, dan kan ons rustig raak, vrede vind en nuwe krag kry, want dan kan ons leer, toegerus raak, voorbereid wees vir die slaggate, sodat ons die toets kan slaag en woestyn kan oorkruis.

**Christologie**

Nes die onderwyser vir die kinders sê – let op in die klas, doen jou huiswerk en leer hierdie en daardie uit die handboek uit, net so het Jesus vir ons die lesse gebring toe Hy hier op aarde was en is die Heilige Gees besig om ons verder te leer en slim te maak sodat ons nie net slaag nie, maar ook ander mense wys wat die antwoorde op die vrae sal wees.

**Slot**

Geliefdes, in hierdie tyd van die kerklike jaar fokus ons op die uitstorting van die Heilige Gees. En ons hoor by Johannes dat die Gees van God met jou en deur jou aan die werk is in hierdie wêreld wat soms 'n woestyn kan wees, mits jy die Heilige Gees aanhoor en toelaat om jou te vorm.

Jou huiswerk is om meer en meer vir die Gees van God te luister, sodat jy net beter en beter kan doen in die toets van die lewe.

Mag jy hierdie week oplet of jy mooi luister na God se Gees en agterkom waar jy nodig het om aan te pas of te verbeter, sodat jy die vermoë, die rigting, die kennis opdoen om makliker, ywerig en hulpvaardig deur die lewe te kan gaan op pad na die eindbestemming, die ewigheid by God.

**Amen**